Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

8 Maart 2015

OGGENDDIENS: Ds. Piet

Skriflesing: 1 Kronieke 29 : 1 - 19
Fokusverse 1, 2, 9, 17 en 18

Matteus 6: 31 - 34
Fokusvers 33

Filippense 3: 7 - 14
Fokusverse 8 en 12

Teksvers: Matteus 6: 33

Wanneer het dit vir ons ongemaklik geword om oor God, geloof en geld in een sin te praat? Hoekom voel predikante en lidmate ongemaklik as daar in die erediens oor geldelike offers vir die diens van die Here gepraat word? Het ons dan nie op ‘n vreemde manier ‘n skeiding tussen God en geld gemaak nie? Dat ons begin glo het dat dit in die kerk gaan oor God en in die wêreld oor geld nie? Toe Jesus ons beveel het om te kies tussen God en Mammon het Jesus nie juis daarmee gesê dat God oor Mammon regeer en dat ons geld in diens van God staan nie?

Hier in ons teksverse maak Jesus dit nog duideliker: wanneer ons oor geld en finansies praat moet ons juis daardie keuse uitoefen: Die prioriteit van my hart (geloof), my lewensdoel en my geld is eerste gerig op God en sy belange. Eers soek ek die voordeel van God en sy koninkryk en dan sal Hy vir my sorg. Nie op ‘n wonderwerk manier met geskenke uit die hemel nie, maar deur my en jou offers vir Hom!

Ons gemeente is finansieël in die moeilikheid. Kom ons praat oor ons geldelike offers vir die diens van die Here op net so ‘n gewone en gelowige manier as Dawid en die volk in sy tyd, as Jesus met sy dissipels en ook vandag met ons. Kom ons ondersoek die prioriteite van ons hart, die doel van ons bestaan en die diens van ons geld! Het ons gekies om God eerste te stel of nie?

Vooraf sang
Lied 159:1, 3 en Lied 191: 1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Sb 3-4: 1, 2, 5; Votum; Seën; Lofsang Ps 40-2 (mel Ps. 100) Beurtsang: vers 1 almal, vers 3 en 5 susters, vers 6 en 7 broers, vers 8 en 9 almal; Geloofsbelydenis van Nicea

Verootmoedigingsdiens
Wet: fokus op Vierde gebod. HK Sondag 38; Antwoord op die wet: Sb 9-2: 4, 9; Gebed

Woorddiens
Skriflesing; Sing Sb 11-3: 1, 4, 5, 6 (mel Sb 16-1); Woordbediening.

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawe; Gebed vir Bediening na Buite (Indië); Sing Ps 116-2: 5, 6, 7; Seën; Amenlied Sb 13-3.

AANDDIENS: Ds. Karel

Skriflesing: Lukas 6:20-42, 46-49
Teksvers: Lukas 4:46-49
Tema: Gehoorsaamheid aan die moeilike opdragte van Christus bring sekerheid.

In die Gereformeerde kerke het ons volgens tradisie baie sterk gefokus op dankbaarheid - ons moet dankbaar wees vir dit wat Jesus Christus vir ons aan die kruis en in die graf gedoen het. Natuurlik sal ons altyd dankbaar moet wees daarvoor!

Maar gehoorsaamheid kom daarmee saam. Trouens, dit is deur gehoorsaamheid en die uitleef van die opdragte wat Jesus Christus vir ons gee dat ons sekerheid van geloof kry (gaan kyk gerus weer na Heidelbergse Kategismus, Sondag 32). Op `n baie besonderse manier het Jesus Christus dit reeds aan Sy dissipels (en ook aan ons!) geleer.

Vooraf sang
Ps 31-1: 1, 3, 15 (Tweede melodie) en
Sb 15-7: 4, 5, 6

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Lied 151: 1, 2 (Melodie Ps 38); Votum; Seën; Lofpsalm: Ps 95-2: 1, 3; Gebed

Woorddiens
Skriflesing; Sing Ps 32-1: 3; Woordverkondiging

Antwoorddiens
Dankgebed; Bevestiging van ouderling en diakens; Sing Ps 128-1: 1, 4; Liefdegawes; Sing Sb 14-1: 1, 2, 3; Seen; Sing Sb 13-2.

MEELEWING

- Deon Truter (Groep 3 - 018 290 6858) is ontslaan uit die hospitaal en sterk nog twee weke tuis aan.
- Kiewiet Scheppel (Groep 41 -083 274 8931) het ‘n operasie ondergaan en sterk tuis aan.
- Christa Pienaar (Groep 27 - 072 731 5667) was in die hospitaal vir die toediening van ‘n pynblok.
- Ans Viljoen (Groep 28 - 082 681 1310) se seun en kleinseun is baie ernstig siek.

Ons bid dat die Here spoedig beterskap en herstel sal gee.

ONS DINK OOK AAN DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID
Srs Sannie Reyneke, Filina Coetsee, Marianne Kruger, Bettie Ras, Janet vd Walt, Hester Buys, Laura Opperman, Adrie de Kock en Kosie Kruger.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES
Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hierdie week vir:
siekes@oosdoppers.co.za;
Anna Smith (083 765 9813);
Hendrik vd Walt (079 022 2526)

AFKONDIGINGS

Die volgende aktiwiteite vind DV hierdie week plaas:

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Tee en Koffie
Kleuterbediening
Katkisasie - 7. Ouers woon vandag katkisasieklasse saam met katkisante by
16:00 Ouderlingevergadering - Begroting 2015 - 2016
18:00 Aanddiens

Maandag
17:15 Katkisasie Gr 11
18:30 Kassiere diensgroep

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
16:30 Katkisasie Gr 8
18:30 Groepleier opleiding: 2 de rondte vir dié wat vorige een nie kon bywoon

Woensdag
10:00 Amandelbloeisels
17:15 Katkisasie Gr 9 en 10
18:00 Diakonie dagbestuur

Donderdag
18:30 Bediening na buitediensgroep

Vrydag - Sondag
Gemeentekamp

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 8 Maart

Br Anton Scheppel	083 308 9995

Dinsdag, 10 Maart

Sr Karla Kruger	082 551 3834
Br Derik Schutte	082 309 6619

Woensdag, 11 Maart

Br Johan Marais	079 029 3701
Sr Marna Naude	083 237 8810
Sr Makie vd Walt	082 686 2283

Donderdag, 12 Maart

Br Oubaas Boltman	082 554 9731
Sr Beatrix Coetzee	082 897 7158
Jbr Etienne Steenkamp	082 856 6278
Br Nardus v Zyl	082 492 9505
Br Kobus v Zyl	082 776 7472

Vrydag, 13 Maart

Sr Aneleh Schutte	082 339 5547
Jbr Thinus Vorster	084 505 5010

Saterdag, 14 Maart

Sr Marthie Schoeman	082 920 7082
Sr Em Volschenk	082 564 1940

ANDER AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid.
- Gawe by die deure vanoggend vir GKSA Sustentasie.
- Gawe volgende Sondag vir Emeritusfonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by deure.
- Diensbeurte: Groep 35 en 36.

KERKKAMP: 13 - 15 MAART (Smilin' Thru)

Daar is nog plek vir dagbesoekers wat wil deel in die kamp.

KENNISGEWINGBORD

- Betroubare werker beskikbaar - kontak Johannes v As (078 893 8962)
- Moot-Kamp
- Dienssentrum vir Bejaardes: Vonkeltee geleentheid
- Seychelles Uitreikete

AMANDELBLOEISELS

Ons nooi al die Amandelbloeisels na ‘n byeenkoms, Woensdag 11 Maart om 10:00 by die Skuur. Tina vd Walt kom ons toespreek, waarna ons heerlik saam kuier.

VERSOEK VAN DIE VLEISKOMITEE

Indien daar gemeentelede is wat graag vir ons Oosdopperfees se verkoping lewende hawe (beeste, skape, varke, wild) kan skenk, sal dit opreg waardeer word. Ons benodig ook skenkings van die swart plastiese houers waarin vee-lek gewoonlik verkoop word. Diegene wat kan help, kontak asb. vir Michiel de Kock (082 857 8619) of Pieter Lourens (072 113 4961) of enige ander lid van die vleiskomitee.

Baie dankie. Ons maak staat op u ondersteuning!

Die Vleiskomitee

BAIE DANKIE …

Dit gaan baie goed met Christine en sy is al ver gevorder op die herstelpad – amper weer haar ou self! Ons wil graag uit ons hart uit dankie sê vir ons hemelse Vader vir sy wonderlike genade en liefde waarmee Hy ons begenadig het. Ook aan elkeen van julle – van die predikante tot die kinders – baie dankie vir julle ongelooflike meelewing, besoeke, oproepe, gebede en ondersteuning. Julle was waarlik instrumente in die Here se hand om ons in hierdie tyd van Christine se siekte te dra. Ons kon die heerlike gemeenskap van gelowiges elke oomblik ervaar. Ons dra elkeen van julle ook op aan die Here se genade en dank hom vir so ’n geloofsfamilie.

Pieter, Susan en Christine Lourens

BAIE DANKIE

Liewe Potch-Oos familie

Graag wil ek almal bedank vir julle gebede, besoeke, teksboodskappe en telefoonoproepe tydens my siekte. Dis wonderlik om deel te wees van so ‘n familie. ‘n Besondere dank aan ds Piet en ds Karel vir julle besoeke en gebede. Aan ons hemelse Vader die grootste dank vir die herstelproses en ook vir die geduld om te wag vir krag om terug te kom! Die herstel is tydsaam maar een van die dae is ek weer op volsterkte. Nogmaals dankie.

Susamarie de Villiers

BEROEPE NUUS

BEROEPE BEDANK

Ds LSD du Plessis [Lourens] van Groblersdal na Otjiwarongo

BEROEPBAARSTELLING

Proponente C Botha en MJ Masakona

Hiermee stel Klassis Limpopo bekend dat broeders C (Chris) Botha en NJ (Justice) Masakona deur die Klassis saam met die deputate vanweë die Streeksinode Bosveld geëksamineer is op 10 Februarie 2015. Die broeders word kragtens besluit beroepbaar gestel in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Susters

Hand 2 : 46 - 47a

"Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaar gekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap in alle eenvoud geëet en God geprys."

Dankie aan elke suster vir haar dienswerk in ons Here se kerk

TEESKINKGELEENTHEID

Tee word vandag in die Skuur bedien onder die leiding van Joey Lubbe (groep 19), Ansa Coetsee (groep 23) en Salomè Jonker (groep 39).
Baie dankie aan die groepsusters en hul groepe se susters en broers wat met die skink en opwas help! **Ons moedig susters en broers aan om te kom help met die skink en opwas - so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!**

SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word verkry uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) en die fondse wat geïn word tydens fondsinsamelingsgeleenthede. Hierdie geld word gebruik om uit te reik na minderbevoorregtes en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, hoofsaaklik in Potchefstroom, donasies gegee.
Kyk gerus uit vir ons **bruinkoevert waarin jy jou sustersbydrae** kan sit en in die kluis kan gooi! (Beskikbaar op die tafel in die kerk se portaal en ook in die skuur se portaal)

NAGMAAL-ETE

Almal word hartlik uitgenooi na ons Nagmaal-ete, Sondag 22 Maart. Besprekingslys is in die voorportaal van die Skuur of bespreek en betaal by die kerkkantoor.
R35 p/persoon (R15 Laerskool kinders)

Baie dankie aan ons borg van die week!

OOSDOPPERTJIES

Nuus uit die Bybelkoerant

SIEKE NA 38 JAAR OP DIE SABBAT GENEES

JERUSALEM - Die jong rabbi Jesus van Nasaret het die Fariseërs en Skrifgeleerdes die harnas ingejaag toe hy op die heilige Sabbat 'n siek man by die Bad van Betesda genees het.

Die man was al agt-en-dertig jaar lank siek. Hy was 'n bekende gesig by diè bron, waar talle gestremdes lê in die hoop dat die genesende krag an die water hulle gesond sal maak. Hulle glo dat die eerste een wat in die water kom as dit begin borrel, gesond sal word. In al die jare wat die man daar lê, kon hy egter nooit daarin slaag om eerste in die water te kom nie, omdat niemand hom ingehelp het nie. Maar nou is dit iets van die verlede.

Ondertussen het ons verneem dat die Joodse leiers besluit het om die hele aangeleentheid verder te voer. "Ons kan nie toelaat dat die Sabbat so ontheilig word nie," het 'n woordvoerder ons meegedeel. Daar word selfs gefluister dat Jesus godslasterlike dinge kwytgeraak het en die dood verdien.

Oor die vraag of hy werklik die dood verdien, moet u self besluit. Ons weet in elk geval van minstens een man wat nie hieroor met die Joodse leiers sal saamstem nie.

Lees hiervan in Joh. 5:1-17

HOE SLIM IS JY?

Watter persoon het van watter vervoermiddel gebruik gemaak? (Verbind die persoon en sy vervoermiddel in verskillende kleure)

Farao	Skuit
Jesus	*Wa*
Mordegai	Donkie
Absalom	Koning se perd
Hofdienaar van Etiopië	Skip
Jona	Strydwa en perde
Dissipels	Muil

Die skepe van die bybelse tyd was gewoonlik seilskepe en van hout gemaak. As die see stormagtig was, het hulle maklik gestrand of op die rotse geloop. Lees maar wat het met Paulus in Hand. 27 gebeur.